Boodskap
13 Mei 2007
Ds Freddie Schoeman

Daar is baie mense vandag wat hulleself Christene noem maar wat vir alle praktiese doeleindes ateïste is. God speel 'n tweederangse rol of selfs geen rol in hulle lewens nie. Die … van hierdie soort a-teïsme is gebrekkige of nie-bestaande gebedslewe

Gebed het vir baie mense vandag 'n problematiese saak geword. Die belangrikste rede hiervoor is dat gebed vir sulke mense net nie meer sin maak nie. Hoekom bid? Maak dit regtig 'n verskil? Bring gebed werklik verandering teweeg?

Kom ons kyk na 'n paar sake:

- Hoekom sal God luister as ek Hom vra om my te help in 'n eksamen of 'n parkeerplek of 'n as daar duisende mense vandag gaan sterf van honger?
- Hoekom sal God omgee as ek Hom vra vir mooiweer sodat 'n krieketwedstryd afgehandel kan word as die voortbestaan van boere bedreig word weens droogte?
- Hoekom sal God Hom bekommer oor my finansiële of gesondheidsprobleme of verhoudingsprobleme as daar soveel mense is wat met baie groter probleme worstel?

'n Professor in filosofie het die so gestel:

As God die gang van sake in die wêreld kan rig, dan sal 'n God wat gewillig is om verkoues te genees en parkeerplekke vir gelowiges te voorsien maar nie gewillig is om Auschwitz en Hiroshima te keer nie, moreel afstootlik wees. Aangesien A en H wel gebeur het, moet ons tot die gevolgtrekking kom dat God nie in staat is om 'n invloed op wêreldgebeure uit te oefen nie.

En dit is inderdaad die gevolgtrekking waartoe baie mense kom – en dit maak dat hulle ophou bid en so vir alle praktiese doeleindes a-teïste word: gelowiges (goeie mense, kerkmense, Christene) wat sonder God leef.

Die vraag is dus: Moet ons nog bid? Hoekom?

Die beste motivering om aan te hou bid al voel jy nie aldag seker dat gebed 'n verskil maak nie, is Jesus se voorbeeld. Hy, wat die Seun van God is, het dit nodig gevind om gebed die skering en inslag van sy lewe te maak. Sy gebedslewe was ingeweef in die doen en late van elke dag van sy lewe op aarde.

In die evangelies het ons ten minste twaalf opgetekende gebede van Jesus.

Drie van die sewe kruiswoorde van Jesus was gebede

Daar was die aangrypende gebed in Getsemané
Daar was 'n besonder lang gebed vir sy dissipels in die bo-kamer voor sy gevangeneming

Bo en behalwe die opgetekende gebed van Jesus lees ons talle kere dat Jesus gebid het. Na 'n baie besig dag het Jesus die volgende oggend vroeg opgestaan om te bid (Mk 1:35). Voordat Hy sy dissipels gekies het, het Jesus dwarsdeur die nag gebid (Lk 6). Jesus noem teenoor Petrus dat Hy vir Hom gebid het – dat sy geloof hom nie sal begewe nie (Lk 22)

Verskeie kere lees ons ook dat Jesus sy dissipels geleer het hoe om te bid en hulle ook oor gebed geleer het.

Hy leer hulle byvoorbeeld die 'Ons Vader' gebed. Hy sê ook dat hulle gesamentlik en afsonderlik moet bid. Gaan na jou binnekamer, sê Jesus. En ook: "Waar twee of drie in my Naam vergader is / waar twee saamstem in gebed ens.

Hy leer hulle ook oor gebed deur middel van gelykenisse. Soos die gelykenisse in Lukas 11 en 18 wat ons vanoggend saam gelees het.

Gebed het dus 'n baie belangrike rol in Jesus se lewe gespeel. Jesus het geglo dat gebed belangrik is. Dit was sy oortuiging dat gebed 'n verskil maak. As Hy krag nodig gehad het of leiding nodig gehad het – dan het Hy sy toevlug tot gebed geneem.

Maar is al Jesus se gebede verhoor? Jesus is die Seun van God so dit is net logies om te aanvaar dat al sy gebede verhoor is. Hy het immers 'n baie, baie spesiale verhouding met sy Vader gehad!

Die verrassende is dat 'n beduidende hoeveelheid van Jesus se gebede nie verhoor is nie!

- Die gebed in Getsemané.
- Die gebed om eenheid (Joh 17)
- Jesus se gebed vir Simon (Luk 22)

Ten spyte van die deurnag gebed voordat Hy sy dissipels gekies het, het nie verhoed dat iemand soos Judas Iskariot gekies is nie. Daar moes seker ook tye gewees het dat Jesus regtig gewonder het oor sy keuses. (Dink aan al die kere wat Jesus gefrustreerd met sy dissipels was. 'Gee pad voor my Satan!', snou Hy Petrus by geleentheid toe.) En almal het Hom in die steek gelaat toe Hy hulle die nodigste gehad het!

Die feit dat nie al Jesus se gebede outomatiese verhoor is nie, mag ons dalk verbaas; maar is dalk ook 'n aanduiding van hoe God in die wêreld werk in reaksie op gebede van gelowiges.

Daar is een baie groot verskil in die manier waarop die bose te werk gaan en die manier waarop God te werk gaan. Die bose neem 'n mens totaal in besit en ontneem jou van jou vryheid. In Markus 5 lees van die besetene van Gadara wat geen beheer oor sy dade

gehad het nie. So ook nie die seun van Markus 9 nie. Die vader van die seun vertel Jesus die die bose gees die seun 'gryp' en hom op die grond 'neergooi'.

Maar God werk nie so nie. Wat God wel doen is om die keusemoontlikheid van die mense te herstel. Hy verlos mense uit die greep van die bose maar Hy dwing niemand om goed te doen nie. Dit bly ons keuse. Al wat Hy doen is om ons keuse-vryheid te kom herstel.

En dit is hoe God ook te werk gaan wanneer ons as mense na Hom toe kom om by Hom in te tree en te pleit. Jesus leer ons byvoorbeeld: Laat u Naam geheilig word, laat u koninkryk kom, laat u wil geskied'. En dan reageer God op ons gebed deur ons in diens te neem om die gebed te verhoor.

Hy gebruik ons om sy Naam te heilig / sy wil te laat geskied / sy koninkryk te laat kom.

Ons bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood" – en dan gebruik Hy ons om dieselfde gebed van 'n mede-gelowige te verhoor.

Abraham Joshua Heschel het die volgende merkwaardige stelling gemaak: *Die heelal is klaar geskep; dit is voltooi. Maar die groter meesterwerk, wat nog nie voltooi is nie, wat steeds in die proses van afhandeling is, is die geskiedenis. Om hierdie meesterwerk te voltooi, gebruik God mense.*

Nadat God aan die mense die gawe van vrye keuse gegee het, nooi God die mense uit om as sy verteenwoordigers (Gen 1), as sy medewerkers (2 Kor 6) op te tree. En in hierdie samewerking speel gebed 'n sentrale rol. Ons kan selfs sovêr gaan om te sê: wanneer God iets gedoen wil hê, dan inspireer hy iemand om daarvoor te bid – en dan gebruik Hy mense om die gebed te verhoor.

Paulus verduidelik hierdie samewerking op 'n verskeidenheid van maniere:

Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. (Fil 2:12-13)

… ek het harder gewerk as julle almal; eintlik was dit nie ek nie maar die genade van God wat by my is. (1 Kor 15:10)

… en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. (Gal 2:20)

… in Christus Jesus het [God] ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het (Ef 2:10)

Binne hierdie konteks moet ons Jesus se gelykenisse wat ons vanoggend saamgelees het verstaan.

Die gelykenis van die vriend wat in die middel van die nag *aanhou* vra het vir brood. Hy het hom nie geskaam om aan te hou vra nie! Jesus sê ons moet ook so maak!

Die tweede gelykenis het Jesus spesifiek vertel om dit duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word. Die regter doen reg aan die weduwee omdat sy aangehou het. Jesus sê: *Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag? Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook! Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind?*

Met dit in gedagte moet ons na die dissipels se optrede ná Jesus se hemelvaart gaan kyk. Ons sien in Handelinge 1 dat Jesus na sy hemelvaart sy dissipels opdrag gee om in Jerusalem te gaan wag, wat hulle ook gedoen het. Hulle, Jesus se dissipels, sy ander volgelinge asook 'n aantal van die vroue wat Jesus gevolg het, het in die bovertrek wat hulle gewoonlik vertoef het bymekaargekom en (staan daar in Hand 1:14) *almal eensgesind volhard in gebed*

Kom ons volg hierdie voorbeeld van die dissipels. Kom ons neem Jesus se gelykenisse ernstig op. Kom ons gebruik die tien dae van Pinkster wat voorlê om eensgesind, te volhard in gebed.